

BOEKE

BIOGRAFIES:

1. *Dit is Totius*

'n Omvattende biografie oor prof. dr. JD du Toit. (Marnix, 1993)

Hardeband, 284pp. & 50 foto's:

2. *S.J. du Toit van die Paarl (1847-1911)*

'n Volledige biografie oor ds. SJ du Toit, taalstryder vir Afrikaans, stigterslid van die GRA, vader van Totius ... (Marnix, 1999)

Hardeband, 450pp. & 50 foto's:

3. *Totius se Oorlogsdagboek*

Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel (1899-1900). (Marnix, 2001.)

Hersiene uitgawe. Gelamineerde sagteband. 72pp. (met foto's)

4. *Profeet van die Mooirivier*

Kort biografie oor Totius. Hardeband, 119pp. & foto's. (Tafelberg uitgewers, 1977.)

Uitverkoop

5. *64 dae te velde*

Totius se Oorlogsdagboek. (Tafelberg Uitgewers, eerste uitgawe 1977.)

Uitverkoop

HISTORIES:

1. *"O Vaalrivier! ... o Broederstroom!" Totius se gedig oor generaal Christiaan Beyers en die Rebelle van 1914*

'n Tragiese geskiedenis. Was dit nodig? Genl. de la Rey word doodgeskiet en genl. Beyers sterf onder Smuts se koeëls in die Vaalrivier. 'n Gedig van Totius oor generaal Beyers, ná 100 jaar vir die eerste keer gepubliseer, toegelig met belangrike en opspraakwekkende inligting – soms uit tot dusver onbekende bronne – oor die Rebelle van 1914 en die historiese direkte samehang met die Anglo-Boereoorlog (ABO). (Marnix, 2014.)

Gelamineerde sagteband. 148 pp. (met foto's)

2. *Generaal de Wet in die Vredefortkoepel*

Geskiedenis van gebeurtenisse en die beroemdste Boeregeneraal se veldslae in hierdie wêrelderfenis-gebied. Ou foto's tydens die oorlog en moderne foto's van die plekke vandag. (Marnix, 2010.)

Gelamineerde sagteband. 240 pp.

3. *Bloedrivier*

Een van die grootste dramas in Afrika en 'n keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika. (Marnix, [2000, 2003], tweede uitgawe, 2008 – met die naamlys van die Wenkommando wat aan die Slag van Bloedrivier deelgeneem het.)

Foto's. Gelamineerde sagteband. 70pp.

4. *Blood River*

English edition about one of the biggest dramas in the history of Southern Africa. (Marnix, [2000] 2003.)

Photos. Laminated soft copy. 71pp.

5. *Die Groot Diamantroof. Britse anneksasie van die Vrystaatse diamantvelde, 1871*

Die tragiese geskiedenis hoe die Republiek van die Oranje-Vrystaat van die rykste diamantvelde in die wêreld (Kimberley en omgewing) beroof is. Gebaseer op die oorspronklike navorsing soos vervat in 'n vooraf (getikte) proefmanuskrip vir die MA-verhandeling van JP van der Merwe in die vak geskiedenis, ingedien by die Grey-Universiteitskollege (latere Universiteit van die Vrystaat) in 1920, waarvoor Van der Merwe (skoonvader van die skrywer) sy MA met lof ontvang het. Die skrywer lig toe op watter wyse die Engelse in 1871 dit reggekry het om die diamantvelde deur Groot-Brittanje te annekseer – die omkoop van die Griekwaleier Waterboer, 'n hofsaak sonder en buite die Vrystaat en die verskuiwing van grense in die geheim ... (Marnix, 2011.)

Gelamineerde sagteband, 116 pp. (met foto's)

6. *Eugène Marais en die Waterberge*

Onbekende voorvalle en verhale met mense, diere en plante. (Marnix, 2008.)

Gelamineerde sagteband. 76pp. (met foto's)

7. *Eugène Marais and the Waterberg*

Unknown interesting incidents and stories about people and wildlife. (Marnix, 2008.)

Laminated paperback, photo's, 74pp. (with photos)

8. *Kruger en Rhodes*

Die berugte Jameson-inval in 1896 en die aanslag van Milner en Rhodes teen Transvaal en die Boerevolk in 1899. (Marnix, 1999.)

Gelamineerde sagteband, 82pp. (met foto's)

9. *Majuba*

Die finale veldslag van die Eerste Vryheidsoorlog waar die Britse Imperialisme deur die Boere in sy spore gestuit is, 1880-1881. (Marnix, [1996, 2001] 2007.)

Gelamineerde sagteband, 75pp.

10. *Majuba* (English edition)

The final battle of the First Anglo-Boer War where the British Army was defeated by the Boers, 1880-1881. (Marnix, 1996.)

Laminated soft copy. 64pp.

11. *Op die Bodem van die Vaaldam. Geskiedenis van die plaas Zandfontein en die RAU-eiland (1850-1936)*

Dramatiese geskiedenis van 'n Boereplaas wat in 1933 deur die Vaaldam se waters verswelg is. Die aangrypende verhale van die Vaalriviermense se voorsate tydens die Groot Trek, hulle ervarings tydens die Anglo-Boereoorlog, in konsentrasiekampe, as krygsgevangenes en in die Rebelle van 1914 saam met genl. De Wet. (Marnix, 2002.)

55 foto's. Gelamineerde sagteband. 211pp.

12. Die Van der Merwes van Middendeel. Geskiedenis van die plaas Middendeel, Boshofdistrik, Vrystaat, en sy mense, 1862-2008

(Geskryf saam met Nico van der Merwe en Therese d'Assonville)

Die merkwaardige geskiedenis van hierdie Boere-gesin, hulle plaas tussen Boshof en Petrusburg en hulle voor- en nasate. (Marnix, 2008)

Gelamineerde sagteband 166pp. (met foto's)

13. Majuba (Afrikaanse pamflet)

'n Sakgrootte Pamflet wat tot A4 oopvou. 'n Weergawe in 'n neutedop van die Eerste Vryheidsoorlog met twaalf foto's en 'n kaart van die Slag van Majuba. Nuttig vir besoekers om in die hemsak saam te neem wanneer die veldslae van die Eerste Vryheidsoorlog besoek of die berg Majuba bestyg word.

14. Majuba (English pamphlet)

An small pocket size pamphlet folding to an A4 size. Giving a summary and overview of the First Anglo Boer War with 12 photos and a map of the Battle of Majuba. Handy for visitors and easy to take with when visiting the battlefields or Majuba mountain.

CHRISTELIKE BOEKE:

1. Die Psalms sing van Christus

Elke psalm verkondig Jesus Christus. 'n Bybelse dagboek. Die psalms is die gemeente se liedere wat ons van God se beloftes verseker en aan ons die verbondseise van gehoorsaamheid leer. (Marnix, 2005.)

Gelamineerde sagteband. 194pp.:

2. Die Boek Openbaring. 'n Oorsig oor die 22 hoofstukke.

Al 22 hoofstukke van die boek is behandel. Deur die Skrif met die Skrif te vergelyk, word die vervulling van die profesieë in die wêreldgebeure gesien. (Marnix, 2006.)

2de opgedateerde uitgawe. Gelamineerde sagteband. 222pp.

3. The Book of Revelation

The Lord promises salvation to those who read, hear and take to heart what is written in the Book of Revelation, because the time is near (Rev. 1:3) These expositions give a concise explanation of each chapter of the last Bible book. (Marnix, 2013.)

2nd updated edition. Laminated soft copy. 222pp.

4. Die koms van Christus en die Antichris

"Kyk Hy kom met die wolke" Op. 1:7. Die kerk wag elke dag op die koms van Jesus Christus. Die Antichris is egter reeds daar, maar word tans nog teëgehou (2 Thess. 2) totdat die Evangelie klaar verkondig is (Mark. 13:10). Kardinale vrae word beantwoord. (Marnix, 2006.)

Gelamineerde sagteband. 104pp.

5. Die Gereformeerde Doopsformulier

'n Verklaring van die gereformeerde doopsformulier binne die konteks van die historiese doopsformuliere van die sestiende eeu. Verder is oorspronklike Gereformeerde Formuliere van die sestiende eeu as aanhangsels bygevoeg. (Marnix, 1981.)

Hardeband. 114pp.

6. Bakens vir die Kerkgeskiedenis

Die geskiedenis van die kerk van Pinkster tot by die 17e eeu. (Marnix, 1985.)

Hardeband 102pp.

7. Kerk op die Wit Hooglande. Geskiedenis van die Gereformeerde Kerke Eldoret en Skeurvallei

'n Gedenkboek oor die Gereformeerde Kerke in Kenia met volledige doopregisters. Beperkte oplaag. (Marnix, 1984.)

Hardeband 128pp met heelwat foto's.

8. Calvyn verdedig sy stad

Die geskiedenis rondom Calvyn se beroemde antwoord aan kardinaal Sadoletus, 1539, populêr vertel. (Pro Rege, 1974.)

Sagteband 16pp.

9. Gids vir Kerkgeskiedenis

Omvattende toeligting oor die verskillende tydsvakke in die kerkgeskiedenis. (Marnix, 1992.)

Sagteband. 245pp.

Uitverkoop

10. Kerkgeskiedenis in 30 lesse

'n Omvattende oorsig oor die kerkgeskiedenis van die eerste eeu af. Besondere aandag word gegee aan die Gereformeerde Kerke in SA se ontstaan. Wat is 'n suiwer geskiedenisbeskouing? Met 'n naam- en saakregister.

Eerste uitgawe (1980), verdere drukke (1982, 1986, 1990)

Uitverkoop.

Nuwe hersiene tweede uitgawe (2016), gepubliseer en beskikbaar by Aros Uitgewery, www.aros.co.za

11. Hemel, Hel & Nuwe Jerusalem

Nuwe publikasie wat die leser insig gee oor die kritiese vrae in die titel van die boek.

2015 gepubliseer en beskikbaar by Aros Uitgewery, www.aros.co.za

12. Koning Dawid

'n Nuwe publikasie en boeiende historiese verhaal wat handel oor Koning Dawid van die Bybel en sy lewe.

2016 gepubliseer en beskikbaar by Aros Uitgewery, www.aros.co.za

13. Sy koms om middernag

Dit handel oor die Briewe aan die Thessalonisense. (Marnix, 1977.)

Uitverkoop

14. Bakens vir die Dogmageskiedenis

Geskiedenis van die belangrikste kerklike leerstukke. (Marnix, 1981) Uitverkoop

15. Die Psalmboek as Reformatoriese erfenis

Die unieke erfenis van die Psalms en toepassing in die kerk van vandag. (Marnix, 1988.) Uitverkoop

16. Die Dwaasheid om te preek

Die kuns en beginsels om die Woord van God suiwer en toepaslik te verkondig. (Boekhandel De JONG, 1976.)
Uitverkoop

17. 25 Preke

'n Preekbundel met 25 preke deur die skrywer as leraar tydens sy bediening. (Marnix, 1990) Uitverkoop

18. Kerk en Tydsgees

Die verkondiging van die Blye Boodskap te midde van die tydsgees van die dag. (Marnix, 1990.) Uitverkoop

19. Oorsig oor die Nuwe Testament

Inleiding in die openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament aan die hand van die verskillende Nuwe-Testamentiese boeke en binne die konteks van die Skrif en Jesus se Koningskap. (Marnix, 1984.) Uitverkoop

20. Geskeurde Gordyn

'n Preekbundel publiseer met die stigting van Gereformeerde Kerk Cachet, as fondsinsameling vir die jong gemeente. (Pro Rege Pers, 1973) Uitverkoop

21. John Knox and the Institutes of Calvin – A few points of contact in their theology

Publikasie van die proefskrif (Drakensberg Press) Sold out

22. Dink aan jou Doop

Brosjyre. Wat beteken die doop vir die ouers en die kinders? Eenvoudige oorsig oor die belangrikste aspekte om te verstaan rakende die Doop. Uitverkoop

(’n Nuwe elektroniese weergawe word beplan en sal binnekort vrygestel word.)

23. Not against but for the truth

Published by the Admin. Buro of the Reformed Churches in SA. Sold out